*Scriptura 31 (1989), 32-49*

# 'N BENADERINGSTRATEGIE VIR IDEOLOGIEKRITIEK TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE

C W du Toit
Universiteit van Pretoria

Enige nadenke oor ideologie behoort nie maar net nóg 'n interpretasie van die werklikheid te wees nie, maar behoort daarna te strewe om deur 'n verklaring van die interpretasies van die werklikheid die werklikheid self te verander.

## Abstract

### Approaching the problem of ideologies in the S A situation

*Although the world of ideologies is a prosaic one, it does not diminish our responsibility as South Africans to critically ponder the issue, especially in our current situation. There seems to be more than one way of approaching the problem of ideologies. On the one hand one must recognise that we all have our ideologies; on the other hand we should try, by interpreting ideologies, to analyse and, if necessary, transcend our ideologies.*

*Some models for interpreting ideologies are briefly exposed. Attention is given to ideology as a distortion of reality, and as a legitimation thereof. Ideology is compared structurally with utopia to show the similarities, and to emphasise the importance of utopia for any society. Utopia is a creative power, able to provide us with an alternative. As such it criticises ideologies and stimulates society to consider alternative societal models. Different kinds of utopia are discussed.*

*A recourse to symbols, being a very productive approach to ideological reality, is suggested. The functioning and changing of the symbols of society are dealt with. The possibilities of an epistemologically orientated critique of ideology is examined together with the semiotic approach to ideologies. This includes the interpretation of signs and symbols. The task of the church, especially in emphasising atonement as the complement of freedom and love, is shown.*

## 1. 'n Benaderingstrategie tot die ideologiese werklikheid

### 1.1 Die onmoontlikheid van 'n eenduidige benadering

Dit is 'n arrogante onderneming om jou in die doolhof van ideologieë te waag. Nie alleen het hierdie roos 'n duisend name nie, dit het net soveel gestaltes wat voortdurend verander. Binne 'n oogklapsituasie kan ons maklik die tradisionele kommunisme, kapitalisme, nasionalisme, sosialisme, humanisme, liberalisme, kolonialisme, apartheid, ens, as die protagoniste in die ideologieverhaal uitwys, terwyl 'n 'oogklaplose' siening alles as ideologie moet herken. Die siening dat alles ideologie is, sal nie 'n populêre aanslag wees nie, omdat die stryd dan nie meer sonder 'n kwota apologie oor die eie ideologie gevoer sal kan word nie. Dit is ook nie alte wys om die ideologie van die teenstander te goed te wil verstaan nie, aangesien verstaan 'n mate van verskoonbaarheid inhou, en enige toleransie die volle oorgawe aan die stryd kan inhibeer.

Tog is dit juis die erns van die stryd, die lyding en noodroep van mense, wat vra om 'n weldeurdagte hermeneutiek van die ideologie. Daarom moet dié weg nie gesien word as 'n teoretiese ontvlugting van die praktyk van ongeregtigheid en ideologiese geweld nie, maar juis as 'n goeie begronding van die onophoudelike stryd teen alle vervreemding en onderwerping wat deur die ideologisering van die mens en sy werklikheid plaasvind. Geen ideologie is onskuldig nie, en elke 'waarheidsaanspraak' het sy verborge magstrategieë. Die Christendom word nie hiervan uitgesluit nie.

Die totale maatskaplike, politieke, literêre en teologiese wêreld sou as ideologieteks opgeneem kon word. Dit beteken nie dat die interpretasie van die teks beperk word tot alleen die struktuur van die teks, retoriese tegnieke, styl, ensovoorts nie. Op metatekstuele wyse moet 'n teks oor die teks geskryf word, moet die tradisie waarin die teks staan, die aangewesenheid daarvan op ander tekste, die strategieë wat daarin werksaam is en die antropologiese onderbou daarvan erken word. Die ontwerp van so 'n metateks sentreer in die subversiewe ver-werp-ing van die oënskynlike en voor-die-hand-liggende waarheid. Een manier waarop hierdie kritiese funksie bewerk kan word, is deur die inwerking van die utopie op die ideologie. Die verbeeldingryke en produktiewe werking van die utopie as ideologiekritiese beginsel breek die solipsistiese werking van die ideologie. Daarom moet, volgens 'n outeur soos Ricoeur, die interafhanklikheid van utopie en ideologie, synde die pole waarbinne groei en verandering kan plaasvind, gehandhaaf word. Die verstaan van die werking van ideologieë waarborg nie die uitskakeling daarvan nie, maar kan meewerk tot 'n gesonde deursigtigmaking van alle ideologieë.

'n Mens sou op verskillende vlakke van ideologieë kon praat. Daar is - op 'n eerste vlak - die klassieke ideologieë wat lank reeds filosofies, literêr en ideologies (!) verobjektiveer is. Dit dien as dekor wat die normale ideologiese gespreksvorming situeer. Dit verbloem ook die eie hedendaagse ideologieë wat nog nie die verouderingsproses van tekstuele fiksering en verobjektivering ondergaan het nie.

Op die tweede vlak - die rasionalisasievlak - sou na die huidige werking van ideologieë gekyk kon word soos dit òf ongeartikuleer, òf geartikuleer-verbloem as magstrategie funksioneer om 'n ideologiese basis vir die eie standpuntinname te

vorm. Hieronder kan die alledaagse gesprekke en geskrifte op godsdienstige, sosiale, politieke en etiese vlak as voorbeeld genoem word.

Op die derde vlak - die simboolvlak - word gekyk na die wyse waarop simbole as medium dien waarbinne die ideologieë funksioneer.

Die ideologieprobleem sou ook vanuit 'n poststrukturalistiese raamwerk benader kon word, wat 'n kritiese kyk na die aard en werking van ideologieë insluit. Vanuit poststrukturalistiese raamwerk sou daar dan eerder gedissemineer as geïnsemineer word. Deur sodanige disseminasie - afbouing - van vanselfsprekende waarhede sou gepoog kon word om te kom tot 'n alternatiewe siening oor die bestaande waarhede. 'n Poststrukturalistiese benadering sou probeer om sover moontlik anti-ideologies te opereer - om nie bloot met 'n hamer te dink nie, maar met 'n uitveër. Wie uitvee, doen dit sodat hy kan oorskryf, maar ook sodat hy hiérdie palimpses weer kan uitvee. Dit erken dat ons nie anders kan leef as om ideologievormers te wees nie. Dit beteken dan ook dat die eie ideologievorming voortdurend oorskry word.

As elke standpuntinname, elke epistemologie, sosiale paradigma of etiese teorie, elke ekonomiese model of godsdienstige benadering dan as 'n bepaalde magsbasis gesien word waarbinne op waarheidsimperialistiese wyse die eie oortuiginge tot norm verhef word of as uitgangspunt geneem word, kan enigiemand dan nog geloofwaardig wees sonder om totaal te swyg? En enige posisionele swye - want geen swye is posisieloos nie - sou beteken om op neutrale wyse een of ander vorm van die *status quo* te onderskryf.

Binne postmoderne raam lyk so 'n postrukturalistiese houding na 'n ewigdurende skeptisisme wat geen sinvolle standpunt moontlik maak nie. So 'n nimmereindigende nomadebestaan maak die oorgawe (*commitment*) aan 'n enkele plek, saak, waarheid, ensovoorts, moeilik. Tog lê die waarde hiervan nie in die verheffing van die benadering tot 'n metode nie, maar is dit eerder 'n houding wat alle nadenke begelei. Ideologieë word dus gesien as tekensisteme wat vra om interpretasie. Die tekens waardeur ideologieë gedra word, is nie alleen taaltekens nie, maar ook fisiese tekens en simbole; sosiale, kulturele en godsdienstig-kultiese tekens.

## 2. Verskillende interpretasiemodelle

### 2.1 Ideologieë as 'n verdraaiing (wanvoorstelling) van die werklikheid (Marx, Althusser, Mannheim)

Hier het ons te doen met die ewige oerstrategie van misleiding, en alle strategieë wat ingespan kan word om mense te mislei. Soos by alle ideologieë gaan dit hier om die leuen, of dan die 'geselekteerde waarheid' (want die aanhangers glo dit as waarheid) wat 'n bepaalde magsminderheid bevoordeel. Die ideologie is gewoonlik dié van die maghebbers, wat 'n interpretasie van die werklikheid fabriseer, wat hulle in staat stel om die mag te kan behou. Die magteloses het dan geen ideologie nie. Hulle het geen interpretasiemodel nodig om hulle te beskerm nie, want daar is niks om te beskerm of te behou nie.

Orwell het hierdie misleiding van mense deur middel van die televisie en totale supervisie skrifwekkend uitgebeeld. Om mense te mislei, is om hulle denke te beheer; hulle te voer met valse interpretasies van die werklikheid wat hulle glo, en wat daarom vir hulle die enigste interpretasie van die werklikheid is.

> We control matter because we control the mind. Reality is inside the skull ... The fallacy was obvious. It presupposed that somewhere or other, outside oneself, there was a 'real' world where 'real' things happened. But how could there be such a world? What knowledge have we of anything, save through out own minds? All happenings are in the mind. What happens in all minds truly happens. (George Orwell 1949:228,240)

Dat mense in wêrelde leef wat hulle vir waar hou, is voor-die-hand-liggend. Die vraag is wie almal en wat alles betrokke is by die skep en verandering van hierdie wêrelde. Wat is die norm vir die regte inhoudvulling van hierdie wêreld?

Om te kan sê dat iets 'n wanvoorstelling is, impliseer dat die korrekte voorstelling bekend is. By elke ideologiese ontmaskering word dan gesuggereer dat met die ontmaskering van die valse, ons nou toegang tot die ware het. Dit is natuurlik nie so nie. 'n Mens hoef ook nie eers die laaste waarhede te ken om te weet dat daar onreg is nie. Die samelewing is grootliks geskoei op die beginsel van vergelyking. Deur jou en jou omstandighede aan dié van 'n ander te meet, ontstaan daar gou 'n sosiaal-relasionele maatstaf. [1] Ongelukkig vind hierdie meting dikwels net na die een kant toe plaas, omdat die lot van die ellendige die rykes en maghebbers dikwels min skeel.

Ideologieë word normaalweg in negatiewe sin gebruik, omdat dit altyd te doen het met die skep van 'n valse bewussyn van die werklikheid. Dit is moontlik omdat ideologieë oorsigtelik praat, en aansprake meesal moeilik geverifieer kan word. So is die probleem met enige makroverklaring of -stelsel dat dit reduksionisties te werk gaan. Wat gesê word, val moontlik mooi op die oor, maar dit is gewoonlik net 'n fraksie van die totale werklikheid. Die valse lê dus in die reduksionistiese aard daarvan.

## 2.2 Ideologieë as legitimering van die werklikheid (Weber, Habermas)

Een van die vernaamste funksies van 'n ideologie is om die standpunte en dade van die ideologie te legitimeer. Dit is gewoonlik ook die gawe kant van 'n ideologie wat voorgehou word, terwyl die verdraaiing en eensydighede dikwels verswyg word. Enersyds is die meeste magsinstansies met hulle magsbelange alreeds juridies, godsdienstig en ideologies gevestig, en dus 'legitiem'. Andersyds maak hulle aanspraak op nog meer legitimiteit (mag), om hulle belange nog meer te verskans. So gebruik die maghebber die mandaat wat hy het (en wat moontlik demokraties verkry is) as afspringruimte om juis sy mandaat buite die toegekende magte te verhoog ter wille van eiebelang of groepsbelang.

---

1. So byvoorbeeld vergelyk die armes in Suid-Afrika hulself nie met die armes van Etiopië nie, maar met die rykes in Suid-Afrika.

Die beredenering (rasionaal) waarop die maghebbers moet staatmaak, is dikwels onvoldoende om al hul optredes te verklaar. Die gaping tussen die goedkeuring wat die regeerder ontvang het om sekere sake te hanteer en die aantal sake wat bykomend gehanteer word, word die surplusmag genoem (na analogie van Marx se term surpluskapitaal wat die kapitalis van die arbeider neem). Hierdie gaping tussen toegekende mag en opgeëiste mag moet nou ideologies gevul word. Soortgelyk eis die ideoloë meer legitimiteit op as waarop hulle geregtig is. [2]

So word maghebbers en ideoloë gedwing tot voortdurende rasionalisasie van hulle optrede, en word dit normaalweg verklaar as onvoorsiene omstandighede wat opgeduik het, of as in lyn met die mag wat aan hulle toegeken is (vgl Ricoeur 1986:181-215).

Neutrale uitsprake oor ideologieë is onmoontlik. Elke persoon wat waardevry op soek is, sal niks vind nie. Wie geen doelwitte of projekte het nie, kan niks beskryf nie, en kan hom op geen wetenskap beroep nie (Ricoeur 1986:312). Kan mense dan hulle ideologieë verkwalik word?

Die voortdurende rasionalisering wat van bedreigde ideologieë vereis word, maak die ideologiese werklikheid dus 'n dinamiese en voortdurend aanpassende aangeleentheid. Binne so 'n model sou nie sprake kon wees van stagnante strukture en verhoudinge wat die totale werklikheid alleen beheers nie. In dié verband beklemtoon Habernas teenoor die standpunt van Marx dat daar nie net produksiekragte (stagnante groothede) bestaan nie, maar ook produksieverhoudinge. Laasgenoemde skep ruimte vir die voortdurende inspraak van menslike en veranderlike faktore. Normaalweg word hierdie verhoudinge bepaal deur die gevestighde samelewingsisteme waarbinne simbole, waardeur 'n volk homself interpreteer, aan die werk is. Dit is alleen op grond van hierdie simboliese struktuur en kulturele tradisie dat die werking van mag en ideologieë begryp kan word. Daarom moet selfs die ideologies-bepaalde samelewing nie in ontologiese sin nie, maar in relasionele sin gesien word.

> We can no longer say that people first have a praxis and then have some ideas about this praxis, which is their ideology (Ricoeur 1986:221).

Praksis is reeds ideologie.

## 2.3 Ideologie en utopie - 'n voortgaande en verbeeldingryke oorskryding van wat is

Om die aard en werking van ideologieë enigsins te verstaan, moet daar na die werking van utopieë gekyk word. Ricoeur korreleer ideologie en utopie met mekaar, en sien albei op die vlak van die sosiale en kulturele verbeelding. Verbeelding kan inderdaad aangewend word om die bestaande te verdedig, maar dit word ook

---

2. As voorbeeld hiervan sou gekyk kon word na die aanvalle van die Suid-Afrikaanse Weermag oor die landsgrense heen, en hulle teenwoordigheid in die lande. Die stemgeregtigdes het nie daartoe opdrag gegee nie, die optredes word as vanselfsprekende uitvoering van die Weermag se mandaat tot landsverdediging gesien. Vir diegene (ook in die buiteland) wat die optredes bevraagteken, word daar 'n verklaring gebied wat op bepaalde etiese premisse terugval wat in lyn met die breë ideologie is.

aangewend om die bestaande te deurbreek. Ideologieë, synde 'n herhaling van die werklikheid deur die bestaande te legitimeer, is 'n prent (verdraai) van die werklikheid, terwyl utopie die fiktiewe krag tot herinterpretasie van die werklikheid is (Ricoeur 1986:309-310). Die krag van utopie is meesal misken, en utopie is gedegradeer tot 'n blote literêre genre waar verbeelding en die fiktiewe voorop staan. Waar ideologieë normaalweg sosiaal-krities ingestel is, het utopieë dan veral 'n literêre verskyningsvorm, en bly dit beperk tot die geskiedenis van die bepaalde utopie. Ideologieë het dus gewoonlik voorrang bo die utopie wat deur opkomende groepe uit die laere sosiale strata ondersteun word. Ideologieë is gerig op die verlede, terwyl utopieë futuristies geörienteer is, en skynbaar niks aan die huidige kan verander nie.

Utopie is die blik vanaf 'nêrens' wat die bestaande werklikheid nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Die verband tussen utopie en hoop is dus voor-die-hand-liggend. Een van die beste maniere om 'n bestaande ideologie te opponeer, is deur die utopie. Dit is 'n stryd tussen 'metafoor en metafoor'. Die een metafoor (die ideologie) word vervang met 'n ander metafoor (utopie) (Ricoeur 1986:xxix). Die subversiewe werking van utopie, hierdie vermoë tot die moontlike en soeke na wat anders is, hoort tot en funksioneer op dieselfde simboliese vlak as die ideologie. 'n Utopie het te doen met 'n bepaalde mentaliteit wat omvattend is, en net soos 'n ideologie alle lewensfere betrek.

Utopie rig sig voorts tot 'n alternatiewe magsisteem, en bly dus net so afhanklik van mag, gesagsaansprake en oorheersing as wat die geval met die ideologie is (Ricoeur 1975:23).

> I have alwyas been amazed by the fact that power does not have much of a history; it is very repetitious. One power imitates another ... Power repeats power (Ricoeur 1986:298).

Dit is dan ook die populêre argument teen enige verandering, dat die een tiran maar met die volgende vervang word. Die een tiran is egter nie altyd soos die ander nie. Daarom verkies sommige mense die 'eie' tiran bo die tiran van 'n ander, en weet die onderdrukte groep dat hulle 'eie' tiran waarskynlik beter sal regeer as die van die ander.

Utopie verbreek mag deur dit te vervang. Dit droom egter van 'n beter soort mag, en ons kan nie ontken dat mag positief ervaar kan word nie. Dit is die magsargitek en die maghebber wat die probleem is, en nie mag as sodanig nie. Sonder 'n mate van mag is geen samelewing moontlik nie. Dit is die aanwending van die mag wat die probleem is. Al is utopie 'n verbeeldingryke variasie op die tema van mag, kan dit self nie anders as om òf alle mag te ontken, òf self met 'n nuwe sisteem na vore te kom nie. Die droom wil gerealiseer word, en is self al 'n magsisteem. Daarom is dit nie waar dat alle utopieë wil vlug na 'n eilandbestaan nie. So het Saint-Simon juis die wêreld as terrein vir die utopie in gedagte gehad (Ricoeur 1986:288-292). Die onontbeerlike van die utopie is dat dit ons leer om anders te kyk, om die bestaande tussen hakies te plaas, en die alternatief verbeeldingryk te beleef. Utopie leer ons om die kontingensie van alle sisteme en ordes te besef, en ook dat dit wel getransendeer kan word (Ricoeur 1986:300).

Daar het in die loop van die geskiedenis verskillende soorte utopieë na vore gekom. Daar is die chiliasties-gerigte utopie van Müntzer waar die klem op die nóú van die oomblik val.

By die liberaal-humanitêre ideologie word die idee, intellek, kennis en onderwys beklemtoon as die enigste ware mag wat ook toegang bied tot die enigste gelukkige toekoms. Dit is idealisties georiënteer, en evolusionisties en anti-anargisties gerig op die toekoms. Dat die wetenskap ons nie sal red nie, het veral vir die na-moderne mens duidelik geword.

'n Derde voorbeeld is 'n konserwatistiese utopie. Dit is eintlik teen-utopies, maar word in die stryd teen ander utopieë self utopies. Hier word die *Volksgeist*, die gemeenskap, nasie of staat beklemtoon, en staan die handhawing van die *status quo* normaalweg voorop (vgl die invloed van Hegel). By die konserwatiewe ideologie word geduld beklemtoon. Tyd is nodig vir enige verandering. Die verlede word sterk beklemtoon omdat dit ons help om die huidige ontwikkeling te verstaan, en omdat dit ook die ontwikkeling na die toekoms toe bepaal. Die probleem is net dat die verlede alte maklik met die enigste waarheid verwar word, en maklik die status van 'n God-gewilde werklikheid verkry.

'n Vierde tipe utopie is die sosialisties-kommunistiese. Hier vind ons trekke van eersgenoemde drie tipes utopieë. By dié tipe utopie word die toekoms reeds in die hede voorberei, en die toekoms beloof meer as wat die hede bied (vgl Mannheim 1979:173-236). Die praktyk van die model het dit in 'n hoë mate ongeloofwaardig gemaak.

Die bedoeling is nie dat ons 'n bepaalde tipe utopie tot verlossingsmodel moet verhef nie, maar dat ons utopie self as 'n benadering moet sien waarin daar verbeeldingryk na alternatiewe gesoek word. In 'n groot mate beleef die Weste, volgens Mannheim, 'n afwesigheid van utopieë en daarom 'n onvermoë om uit die ideologiese *impasse* weg te kom (Ricoeur 1986:282-283). Dieselfde sou gesê kon word van die onvermoë om uit 'n Hobbesiaanse staatkundige model te ontsnap.

Utopie is die metafoor wat die ideoloog weer laat dink, en tot verandering bring. Fourier het in dié verband die utopie benader vanuit die begrip plesier/passie. Hy wou die samelewing van sy dag terugbring tot die ontdekking dat aantrekking(-skrag) die geheim van ons bestaan is. Die motivering agter aantrekkingskrag is passie, die behoefte aan die nuwe en aan verskeidenheid. Die maatskappy onderdruk die passie, en so ook alle wil tot nuwe kombinasies en verandering (vgl Marcuse se *Eros en Cultuur)*. Die toekoms lê nie soseer in die ontdekking van nuwe dinge nie, maar in die herinnering aan wat ons verloor het.

## 2.4 Die simboliese aard van ideologieë: simbole as die toegangspoort tot 'n ideologies-geïntegreerde werklikheidsiening

Dit is bekend dat Marx ideologieë beskou het as 'n weerspieëling van die ware lewensprosesse. Die ideologie is dus die ideematige uiting van die werklikheid, die ideologiese vertaling van die werklikheid. Dit is egter 'n vraag of die werklikheid in taal alleen voldoende vertaal word. Ricoeur sien die simbool as by uitstek die draer van die ideologie. Die handelinge van die mens is simbolies gestruktureer. Hierdie

simboliese struktuur is ook die toegangspoort tot die verstaan van die werking van ideologieë (Ricoeur 1986:xiii).

Sowel ideologie as utopie het te doen met die aard van menslike handelinge wat bemiddel, gestruktureer en geïntegreer word deur simboliese sisteme (Ricoeur 1975:21). Net soos die metafoor onderliggend is aan taal, is die simbool onderliggend aan alle menslike handelinge. Juis die simbool maak die werklike lewe sosiaal betekenisvol (Ricoeur 1986:xxiv). Op die vlak van simbole word daar op 'n besonder direkte manier gekommunikeer. Die simboliese kommunikasiehandeling gee uitdrukking aan die groep se waardes, en is daarom ook die toegang tot die verstaan van hierdie waardes. 'n Analise van die samelewingsimbole is 'n semiotiese benadering waar die simbole en tekens toegang bied tot die motiveringe wat die dryfkrag van die groep is (Ricoeur 1986:255). Dade is net so simbolies soos taal. Die simboliese betekenis van hierdie dade is die hermeneutiese toegangspoort tot die verstaan daarvan. Dit is maklik om te sê dat die ideologie belange verteenwoordig en uitdruk, maar hoe word dit gedoen? Dit kan ons alleen weet as ons weet hoe simbole simboliseer, en hoe dit betekenis bemiddel. In ons denke word simboolsisteme gekonstrueeer en vasgelê. Simbole wat so gevestig is, het 'n wye gebruik en word gebruik as model vir ander sosiale en psigiese sisteme. Denkend word die een model voortdurend aan die ander gemeet, beïnvloed modelle mekaar, en word modelle met mekaar versoen om 'n eenheidsisteem op makrovlak te vorm (vgl bv Ricoeur 1986:257).

Die ideologie is veral behulpsaam by die integrering en harmoniëring van verskillende simbole wat op verskillende vlakke van die samelewing sou kon funksioneer. As 'n gemeenskaplike ideologie in 'n samelewing funksioneer, sorg dit vir die koherensie van simbole wat byvoorbeeld in die onderwys, godsdiens en ekonomie bedrywig is. So 'n stelsel van gedeelde en geïntegreerde beelde, idees en ideale bied vir die aanhangers van die ideologie 'n oorvereenvoudigde en gesistematiseerde oriëntasie. Daar bestaan dus geen sosiale aksie wat nie alreeds simbolies bemiddel is nie. Ons kan nie meer Marx se standpunt handhaaf dat 'n ideologie bloot op die bowe-bouvlak funksioneer nie. Dit is geïntegreer in die hele werklikheid.

Ideologiese simbole vind ook in allerlei sigbare tekens uiting. Baie mense is bekommerd oor wat getipeer kan word as 'n paranoïese veiligheidsideologie waar nasionale veiligheid - bedoelende wit nasionale veiligheid - aanleiding gee tot 'n totale vermilitarisering van die samelewing. Hier word simbole dan ook baie subtiel aangewend. Dit is opmerklik dat die staat hom uitspreek oor die morele standaarde in die Suid-Afrikaanse samelewing - simbool daarvan dat die staat 'n sedelik hoogstaande lewe goedkeur, en self die voorbeeld stel. Daar gaan dan ook daadwerklik opgetree word om die uitbeelding van geweld op die TV te verminder. Dit terwyl die samelewing vol geweldsimbole is. [3]

3. Vergelyk byvoorbeeld die veiligheidsomheinings by soveel skole en ander instansies, en skoolkinders wat in weerbaarheidsperiodes ontruimingsoefeninge, ens, moet doen. Dit vestig geweld sterk in die bewussyn.

Dat ons te doen het met ideologies gekleurde simbole wat die hele samelewing deurspoel, beteken nie dat daar steeds gestry word om die legitimering van mag, en dat verdraaiing van gegewens ook doelbewus steeds plaasvind nie. Die voordeel wat die simbool vir ideologiese gebruik inhou, is dat simbole van 'n meerduidige aard is. Verskeie sake, emosies, sentimente, ens, kan almal binne 'n enkele simbool gevestig en werksaam wees. So kan mense hulle dikwels aan die teenoorgestelde kant van 'n bepaalde ideologie bevind, en tog weerloos wees teen die retoriese mag van die ideologie wat hulle benadeel, omdat hulle weerloos is teen die simbole waarmee die ideologie sou kon werk, soos byvoorbeeld 'liefde', 'geregtigheid', 'wet en orde', 'terroris', ens. Niemand kan op die oog af teen die gebruik van hierdie begrippe beswaar maak nie. Tog kan dit in die praktyk lei tot die legitimering van optredes wat nie so onskuldig is nie, tot onaanvaarbare konnotasies en tot 'n eensydige oorvereenvoudiging van sekere werklikhede.

Hier kom veral die kerk in die kollig as skepper, draer en beskermer van samelewingsimbole. Die kerk is oënskynlik polities neutraal en Christelik georïenteer. Tog vestig juis die kerk dikwels simbole wat ook polities en ekonomies geïntegreer word om bepaalde magsbelange, - -strukture en -strategieë te beskerm en te bevorder. Hier sou die kerk se legitimering van apartheid as voorbeeld kon dien. Selfs die woord 'sending' sou as simbool gesien kon word. In die sendingaksie van gemeentes word swartmense nog steeds deur sommige teen 'n kolonialistiese agtergrond as ongekerstende sendingobjekte beskou wat apart bearbei moet word. Dan is daar ook die simbole wat aanleiding gegee het tot 'n myding van die politieke, sosiale en ekonomiese realiteite. Dit is simbole wat die klem laat val op 'n verinnerlikte godsdiens en bevryding in die lewe hierna, of wat enige maatskaplike betrokkenheid as *social gospel*, humanisme of liberalisme sien.

Hierdie magteloosheid teenoor samelewingsimbole is dikwels die gevolg van gedeelde etiese sisteme. Wit en swart in Suid-Afrika deel in groot mate dieselfde etiese verwysingsraamwerk wat sterk Christelik georïenteer is. Die probleem is dan dat daar teen die betekenaar vasgekyk word (die woord/teken/simbool), sonder dat die betekenisinhoud van hierdie betekenaar noodwendig aan die orde kom.

Die voordeel van 'n simbool of 'n bepaalde taalteken is dat dit 'n hele aantal betekenisse kan hê. Almal glo in geregtigheid, maar nie almal verstaan dieselfde daaronder nie. So kan dieselfde simbool ook wyd uiteenlopende emosies en dade akkommodeer, en omgekeerd appelleer so 'n simbool ook nie op vas omlynde betekenis nie, maar op die emosie - die sin (aanvoeling) vir geregtigheid, redelikheid, ens. Daar word natuurlik ook geappelleer op etniese sentimente, spesifieke behoeftes, ekonomiese en ander belange, die bedreigdheid van 'n groep, ens (vgl Gross 1985:58-70; Prinsloo 1981:127 e v).

So is simboolgelaaide ideologieë analoog aan mites waardeur 'n prentjie van die werklikheid geskilder word waarmee die aanhanger hom kan identifiseer, 'n prentjie wat ook baie belofte inhou vir dié wat daarin glo.

## 2.5 'n Epistemologies-gerigte ideologiekritiek

Van Alpen gaan uit van 'n semioties-georïenteerde ideologiekritiek wat geskoei is op die lees van die analitiese benadering, en wat dus in die besonder werk met empiriese gegewens wat feitelik beskryf kan word, en aan positivisties-rasionele norme gemeet word. Hy maak ook gebruik van terme uit die semiotiek om hom te bedien (vgl Van Alpen 1986:233-251).

Die bedoeling is om ideologieë so 'neutraal' as moontlik te beskryf (in die deskriptiewe fase). Hier is die menslike samelewing met al sy idees, konsepte, motiewe, waardes, rituele, kunswerke, ens, die ondersoekgebied. Die onvermydelike vraag wat hier opduik is dié na die norm wat gebruik sou kon word vir 'n neutrale beskrywing, veral aangesien verskillende paradigmas aanleiding gee tot verskillende houdings teenoor ideologieë. Die norm wat Van Alpen gebruik, is die oordeel of die ideologieë in positiewe of negatiewe sin gebruik word.

Ideologieë in positiewe sin kom ooreen met Ricoeur se gebruik van utopie as die verbeeldingryke ideale wat positief op 'n groep kan inwerk. Ideologieë in negatiewe sin gaan uit van die veronderstelling dat mense wanopvattings het oor hulself, hul belange, behoeftes en wêreld. Die belange word dan deur 'valse' kennis gevestig, en moet empiries beoordeel word. Hier word valse bewussynsinhoude dan beoordeel aan die hand van die feitelike korrektheid, kognitiewe inhoud, wetenskaplike rasionaliteit en sinvolheid daarvan. Dit is duidelik dat die positiewe wetenskap self 'n ideologie is - volgens die skema in die positiewe sin van die woord. Die belange van 'n bepaalde groep word telkens gemeet aan die heilsaamheid van die belang vir die mensheid in die breë. Die benadering toon ooreenkoms met 'n sosiale ingesteldheid, en kan ook vergelyk word met die Kantiaanse maatstaf van die hoogste goed vir die grootste aantal, wat in die etiek geld.

Alle maatskaplike simbole, kodes, mites, kultusse, waardes, ens, word dus volgens die model gemeet. Selfs ideologieë wat goed gefundeer is (m a w voldoen aan krities-rasionalistiese eise) word negatief beoordeel as hulle nie meer sinvol is nie, en uitgedien of verouderd is. Van Alpen is bewus van die gevare van 'n te eng epistemologiese ideologiekritiek, en kritiseer Adorno en die *Frankfurter Schule* wat in dié verband oorwegend negatief gerig is. Die voor-die-hand-liggende beswaar teen die benadering is dat hier maar weer van partikuliere magsbelange sprake mag wees in die afwesigheid van 'n eenstemmende norm. Van Alpen self wil bewussynsinhoude kritiseer aan die hand van die skadelikheid en uitwerking daarvan, al dan nie.

Die hele problematiek is analoog aan die etiese problematiek van vaste norme in etiese uitsprake. Verskillende opsies in die vel van 'n etiese oordeel is onder meer 'n kasuïstiese benadering, waar streng volgens norme gewerk word (vaste ideologieë); of 'n situasie-etiek waar die individu self breë norme in die kontingente situasie moet toepas (vaste norm plus eie diskresie); of 'n relasionele, emotiewe, intuïtiewe, eksistensialistiese benadering, waar die eie oordeel, gevoel of aanvoeling voorop staan.

Iets van die magteloosheid wat al die etiese teorieë kenmerk, oorval 'n mens as jy begin vra na vaste norme waarvolgens jy kan oordeel. Die mens is skynbaar te ingewikkeld om geskematiseer te word. Die oplossing van 'n probleemsituasie mag wel maklik lyk as daar om breë norme vir baie mense gevra word, en die meeste magsinstansies het sulke 'goeie' norme wat aangelê word. Tog verhinder dit nie dat onreg, uitbuiting, ideologievorming en misleiding plaasvind nie.

Die belang van 'n epistemologiese ideologiekritiek is dat daar sover moontlik kennis geneem moet word van norme soos logiese konsistensie, rasionaliteit en verifieerbaarheid, maar met inagneming van die beperkinge van so 'n benadering. So 'n benadering plaas die wêreld op sy kop, soos Hegel beweer het (d w s, laat die wêreld op die idee staan, want alles funksioneer dan volgens die riglyne van die idee/rasionaliteit). Marx wou egter die wêreld op sy voete plaas, d w s, prakties sy model deurvoer, of dit nou eensydig was of nie.

Sodra daar gesoek word na 'n alternatief vir die huidige bestel, kompeteer utopieë en verskillende idees met mekaar, en elkeen dien homself aan as 'n beter oplossing. Die laaste woord sal egter nooit gespreek word nie. Tereg wys Ricoeur na aanleiding van die utopie van Saint-Simon daarop dat ons utopies die regering kon uitskakel en vervang met 'n 'rasionele' regering wat deur kundiges (kunstenaars, wetenskaplikes) daargestel is - 'n regering, dus, wat volgens die beste rasionale modelle heers. Dan het ons weer 'n tirannie van 'hulle wat die beste weet'. So is daar altyd dié wat nie sal saamstem dat 'n bepaalde model die beste is nie. Alle oplossings (utopieë) beweeg dus op die ou end tussen twee alternatiewe: om deur die 'goeie' regeerder regeer te word, of om hoegenaamd geen regeerder te hê nie (Ricoeur 1986:198-199).

'n Eng rasionalisties-gerigte benadering met die klem op dialoog, waarheid en wetenskaplikheid het dus ook bepaald grense. Die belang van die emosionele moet byvoorbeeld by so 'n rasionele ontwerp ook in ag geneem word (Fourier), so ook die simboliese en mitiese wat nòg ontken, nòg maar net uitgeskakel kan word. Daarom is Habermas se beklemtoning van sowel die epistemologiese en die antropologiese kategorieë van belang (Ricoeur 1986:218-219).

## 2.6 'n Semiotiese benadering tot ideologieë met die klem op voortgaande diskoers

### 2.6.1 Die ontwikkeling van 'n kulturele semiotiek

Ideologieë gaan om mag. Barthes het op die moderne naïwiteit gewys, wat mag as 'n enkele saak of ding sien. Mag is inderdaad van 'n alomteenwoordige aard, en is oral in die samelewing op te merk: in modes, die openbare mening, vermaak, sport, nuus, die gesin, in persoonlike verhoudinge, ens. Die stryd teen magte in meervoud bring ons by die taal as die draer van die magte. Alle taal is klassifikasie, en alle klassifikasie is onderdrukkend (Barthes 1982:457-478). Daar is egter geen uitgang uit taal nie, en daarom kan taal - wat net in die teks ge-uit kan word - alleen in die teks beveg word. Juis in die teks as geskrif moet kennis onophoudelik oor kennis nadink - nie op epistemologiese wyse alleen nie, maar ook op dramatiese wyse.

Ons is uitgelewer aan die voortdurende spel van tekens - tekens wat meesal nie verwys waarna hulle oënskynlik verwys nie - en dus uitgelewer aan die proses van voortgaande herbetekening. In die woord ideologie het ons juis te doen met sowel woord as idee, en die twee staan in voortdurende stryd met mekaar. Ideologie is self nie 'n vasstaande kenniskorpus nie; dit is 'n betekenisproses (Klopper 1987:122). Althusser het daarop gewys dat ideologieë nie bloot idees in mense se koppe is nie: hulle groei en verander. Ideologie gaan om die signifikasieverhouding wat tussen 'n subjek en die werklikheid bevestig word. So is ideologieë nie raak beskrywings of reële afbeeldings van die werklikheid nie, maar 'n verbeeldingryke wêreld wat geskep word, waarin mense woon. Soos taal 'n sisteem is waar betekenisgewing deur verskille (*différences*) geskied, so geskied betekenisgewing in die wêreld van idees deur 'n voortdurende verskuiwing van die skakels in die ketting van betekenisgewing.

Dit is bekend dat Claude Lévi-Strauss die kulturele werklikheid struktureel benader het. Sodoende het hy probeer om die onbewuste strukture wat kultuurpatrone beïnvloed, na te gaan. Ooreenstemmend met die linguistiek is die kulturele strukture ook georden in binêre strukture wat aanleiding gee tot 'n netwerk van sisteme wat die data wat in 'n samelewing gevind word, klassifiseer. Net soos woorde 'n negatiewe betekenis het en betekenis verkry juis deur te verskil (*différence*) van ander woorde, net so is alles in die samelewing relasioneel gestruktureer en word betekenis op sosiale en ander terreine gevorm en van inhoud voorsien deur die verskil wat dit vertoon met ander sisteme, gebruike, sedes, kultusse, simbole, ens. So leef ideologieë van die verskil met ander ideologieë. Was daar nie ander ideologieë nie, is daar ook geen rasionaal vir die eie ideologie nie.

Baie kultuursisteme kan verklaar word vanuit die basiese behoefte om die binêr-gestruktureerde teenoorgesteldes in die samelewing te hanteer (vgl natuur-kultuur, man-vrou, wit-swart, arm-ryk, ens). Die strukturering word onder meer aangedui in die mites, rituele, metafore en klassifikasiesisteme van 'n kultuur. Alhoewel ons baie van dié siening kan leer, en baie samelewingsverskynsels hieronder kan tuisbring, is hierdie benadering oop vir kritiek en staan dit sterk in die lig van Cartesiaanse siening van die strukturerende rede as die enigste kultuurskeppende orgaan (vgl Schreiter 1985:48-49).

Schreiter het die kontoere van so 'n kulturele semiotiek aangedui. Dit is sterk afhanklik van die strukturalisme, maar probeer die gebreke daarvan uitskakel. Die samelewing is ook 'n teks, en die teks wat hier bestudeer word, is dus die samelewing in al sy verskyningsvorme, waar kulturele en ander tekensisteme hiërargies gevestig is (Schreiter 1985:39-74). Ook van hierdie teks is dit waar dat sy identiteit bepaal word deur 'n lang ry gedifferensieerde tekens en tekensisteme, wat weer verwys na ander tekens en tekensisteme. Die posisie wat die subjek in die tekstuele samelewing inneem, bepaal ook sy besondere ideologiese uitgangspunte en sieninge. Die kommunikasiehorison waarbinne die subjek leef is vol verskillende tekens en simbole wat draers is van onder meer ook sy ideologiese sieninge - tekens waarna die subjek byna onkrities verwys.

2.6.2 Ideologie en diskoers

Saam met Frow gee ons voorkeur aan 'n benadering waar ideologie nie afhanklik gemaak word van waarheid of foute, of van 'n verdeling van die wêreld in twee dele nie, waar die een deel altyd maar net meer waar is as die ander nie. Ideologie is 'n voorlopige diskoersstaat eerder as 'n inhoud of 'n inherente struktuur. Daar is ook 'n noue ooreenkoms tussen 'n ideologie en die retoriek wat op politieke, godsdienstige en ander vlakke in 'n samelewing funksioneer. Dit is ook nie net by ideologie waar daar sprake kan wees van 'n verdraaiing van kommunikasie nie. Nader aan die waarheid is dat bepaalde retoriese strategieë met al die kenmerke wat daaraan verbonde is, onderliggend aan alle kommunikasie is.

'n Goeie voorbeeld sou ons uit die joernalistieke wêreld kon kry. Joernaliste het betreklik min simbole tot hulle beskikking waarmee hulle die totale werklikheid moet beskryf. Daarom val hulle terug op enkele 'meestersimbole' wat al 'n onbevraagtekende deel van die maatskaplike werklikheidstaal geword het. Dit is deel van die maatskappy se kollektiewe onderbewussyn, en word uitgedruk in hierdie veralgemeende en stereotiepe simbole. Daarom moet die individuele plek maak vir die algemene, en word ook unieke gedrag van mense in veralgemeende simbole geskryf (vgl byvoorbeeld 'terroris', 'wet en orde', 'sanksies', 'demokrasie', ens.).

Deurdat alle data in die eerste paragraaf van 'n berig ingeprop is, is daar geen ruimte om die data verder argumentatief uit te bou nie, en word daar met data volstaan as sou dit feite wees. So word ook net 'n sensasionele aspek van die werklikheid weergegee, asof dit die volle werklikheid is (vgl De Wet 1984:10-44).

Propaganda moet op soortgelyke wyse beskou word. Alleen die skep van 'n term soos propaganda maak die leser al gerus. Propaganda is 'n aparte genre, wat nie deel is van 'normale' diskoers nie. Dit is iets wat jy kan herken as jy fyn kyk. Die propagandistiese aard van alle nuus en berigte staan dus bo verdenking. Nuus word as feitelik gesien, en nie as propagandisties nie. Wat misgekyk word, is dat 'objektiewe' beriggewing geskied aan die hand van simbole wat reeds ideologies gelaai is.

Ons sal altyd op diskoers aangewese wees. Ideologie verword maklik tot kommunikasiekanker as die sistematiese verwringing van die kommunikasieproses nie ingesien en bestry word nie (vgl Ricoeur 1986:228). Die stryd bly 'n woordstryd. Omdat dit op dié vlak om woorde, simbole en metafore gaan wat voortdurend aan die verander is (vgl J Lacan), sal die stryd deur 'n voortdurende interpretasie gekenmerk word. Hier is die analogie op psigologiese vlak, waar verwronge drome gerekonstrueer word, insiggewend. Net soos die subjek beskerm word deur die voortdurende verwringing van drome, so verwring ideologieë hulself om nie herken te word vir waarvoor hulle staan nie (Ricoeur 1986:241 e v). Habermas het in dié verband 'n strategie uitgewerk om die psigo-analise en ideologiekritiek met mekaar te vergelyk. Die verwringing tussen klasse en groepe is ook aan hulle taal en simbole gebind, en ook hier sal die afstand opgehef moet word (Ricoeur 1986:244 e v).

In die konteks het Zima gewag gemaak van die begrip sosiolek (vgl dialek), wat verwys na die taal van 'n spesifieke sosiale groep. Hierin kom trefwoorde en

uitsprake voor wat die groep onderskei van ander groepe. Die woorde word sistematies georden in 'n kode as sisteem van semantiese verskille en teenstellinge. In 'n bepaalde historiese konteks is daar 'n sosio-linguïstiese situasie waarin 'n interaksie van sosiolekte plaasvind. Dit vind neerslag in tekste. Sommige trefwoorde uit die sosiolek van die Afrikaner sou woorde kon wees soos apartheid, vaderland, bodem, selfbeskikking, selfbeskikkingsreg, afsonderlikheid, naasbestaan, voortbestaan, ens (vgl in dié verband Kummer 1985:89-130; sien ook 111-112).

## 3. Die kerk as ideologiese belangegroep

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die kerk nie alleen draer is van ideologieë nie, maar ook 'n aktiewe rol speel (onbewus of geartikuleer) in ideologievorming. Die kerk hanteer nie alleen simbole wat die kulturele en groepsbelange beskerm nie, maar hanteer ook religieuse simbole wat as nuttige magstrategieë in diens van die een, of as wapen teen die ander ideologie kan dien. Selfs ten grondslag van 'n oproep tot 'n hermeneuties georiënteerde Skrifbenadering om probleme op te los, kan alreeds die oortuiging lê dat so 'n benadering my standpunt sal beskerm.

Omdat die kerk by uitstek met simbole en metafore werk wat nie alleen 'n meerduidige betekeniswerking het nie, maar waarvan die werking ook dikwels eenduidig gefikseer is in diens van die bepaalde kerklike belang, is dit bykans onmoontlik om dié w(W)eg en dié w(W)aarheid te ken. Die gevolg is dat daar in sommige kerke dikwels 'n onwilligheid bestaan om simbole en metafore toe te laat om op 'n vernuwende en belangegroep-transenderende wyse te werk, en daar word dus net een interpretasie daaraan toegeken. Die beklemtoning van die bloot geestelike dimensie van die evangelie spaar die lidmaat voorts betrokkenheid en kritiese optrede. Die simbolies-ideologiese verknooptheid van teologieë maak dit onwaarskynlik dat lidmate teologies 'maklik' tot 'n vergelyk sal kom, maar ideologies sal bly verskil (sien die bewering in Leatt et al 1986:289).

Daar moet klem geplaas word op 'n produktiewe en verbeeldingryke strategie wat kerklike simbole so herinterpreteer dat hulle nie bloot in diens staan van die bepaalde belangegroep nie. Om dié ideaal te bewerk, sal daar 'n konstante semiokritiek in die kerk waaksaam moet wees, wat nie alleen teologies na binne kerklike simbole krities ontleed nie, maar veral ook maatskappy-krities na buite. Dit is natuurlik vir enige belangegroep om sy belang te handhaaf solank dit die moeite loon. Met verloop van tyd mag daar 'n verskuiwing in die belang voorkom wat nie meer die moeite loon om dit te handhaaf nie. Die belang kan ook só bedreig word dat die afstandname van 'n deel of geheel daarvan minder skade aan die belanghebber kan berokken as die vashou daaraan. Die verskuiwing, verandering, herstrukturering of afstanddoening van 'n belang hoef nie noodwendig te lei tot 'n verlies van alle sekuriteit, wellewendheid en lewenskwaliteit nie. In 'n dinamiese maatskaplike werklikheid is daar trouens 'n voortdurende verskuiwing en herstrukturering van belange. In die verband is dit waar dat die een se belange beskerm word as dit nie die ander s'n bedreig nie, en aan hom ook sy belange gun. Die voordeel van die goue reël om aan andere te doen soos jy wil hê dat hulle aan

jou moet doen, is dat die individu net homself bedreig in die mate wat hy andere bedreig. In die heil van die andere lê die eie heil en liefde opgesluit.

## 3.1 Die interafhanklikheid van vryheid en liefde (versoening)

Die kerklike belydenis van naasteliefde word 'n leë simbool wanneer dit nie prakties word nie. Die kerklike belydenis van naasteliefde moet getoets word aan die bereidheid om werklik aan 'n naaste ook sy vryheid te gun. 'n Goeie toetssteen vir die liefde vir die ander, is die bereidheid om aan die ander sy vryheid te gun. Liefde wat die ander geen vryheid gun nie, versmoor die ander en maak egte relasie onmoontlik. Egte interaksie bestaan juis waar die ander anders as ek is (mag wees). Liefde (verhouding) wat die ander geen vryheid (andersheid) gun nie, is ideologie. Liefde as ideologie is selfliefde, wat leef van die repetering van die identiese. Waar liefde en vryheid wel mekaar se komplemente is, is die vryheid juis die grond van 'n groeiende en stimulerende (liefdes-)verhouding.

So min as wat liefde sonder vryheid tot sy reg kom, so min kom vryheid sonder liefde tot sy reg. As vryheid die ander nie in die oog het nie, is dit eensame vryheid. As vryheid net my vryheid is, dan is dit ideologie. Die mens is nooit vry waar hy alleen vry is nie. Ek is nie vry as die ander nie vry is nie. 'n Spel kan net gespeel word as die teenstanders teen mekaar opweeg. Wie oorheers, heers nie. Egte vryheid bestaan net daar waar die ander ook vry is. Daarom skakel egte vryheid enige oorheersing uit.

Die Christen kan net sy Christelike vryheid geniet as sy mede-Christen ook waarlik vry is: geestelik en fisiek. Waar dit nie die geval is nie, is ware geloofsgemeenskap onmoontlik.

Dit is in die lig hiervan so vreemd dat mense so bang is vir menseregte - so bang om ander vryheid te gun. Dit is alleen mense wat die vryheid misbruik wat bang is vir die vryheid - mense wat weet wat met vryheid gemaak kan word, en bang is dat as andere dit ook het, hulle dit kan misbruik. Ons het van ons vryheid 'n atoombom gemaak, en ons kan nie toelaat dat iemand anders dit in die hande kry nie, want dan sal dit dalk ook ons einde beteken.

As vryheid wel die komplement van liefde is, dan is vertroue 'n kenmerk daarvan. Geen versoening is sinvol of moontlik as mense mekaar nie vertrou nie. Wie met mekaar versoen is, vertrou mekaar. Wie die ander se vryheid wantrou, vertrou nie die (liefdes-)band waarmee hy aan die ander gebind is nie. Daarom is vrees vir die ander se vryheid 'n erkenning van die liefdeloosheid van 'n verhouding. Versoening in Suid-Afrika is leë retoriek as dit nie vryheid vir die ander insluit nie. Vryheid sal nie aan die ander gegun word as daar nie 'n vertrouensverhouding met die ander bestaan wat die gevolg van egte naasteliefde is nie.

'n Teologie van bevryding is daarom sinneloos sonder 'n teologie - 'npraksis- van die liefde. As vryheid en liefde nie komplemente is nie, dan bly vryheid en liefde leë spekulasie en versoening 'n droom.

## 4. Slot

Suid-Afrika verkeer tans in 'n ideologiese oorgangstyd. Solank ou ideologieë net uiterlik verander, en simbolies met nuwe inhoude gevul word, sal geen vernuwing moontlik wees nie. Al word daar van post-apartheid gepraat, bly die apartheidswerklikheid en -ervaringe vir baie dieselfde. Baie vra in hoeverre die term 'hervorming' nie maar net nog 'n verdraaiing van die werklikheid is nie.

Die vraag is of daar enige bevryding is uit die ideologiese *impasse* van ideologie en kontra-ideologie, van ontoelaatbare utopieë (sensuur), en nuwe belangesimbole. Juis die vraag roep om nuwe en verbeeldingryke utopieë, om ontmaskering van ideologiese retoriek en magstrategieë, om 'n radikale herinterpretasie van werklikhede en moontlikhede. Daarom moet nuwe benaderings gesoek en uitgevoer word. Dit is egter alleen moontlik solank ons die mens nie bloot as gegewe (spesie) sien nie, maar as nie-gegewe, nie-gefikseer, as opgaaf (vgl Ricoeur 1986:253).

Die soeke na 'n benaderingstrategie toon dat daar geen enkele strategie is wat kan bevredig nie, dat ons ons gevolglik nie alleen op een of meer strategieë moet verlaat nie, maar eerder 'n bepaalde houding moet aanneem. So 'n houding sal een van openheid wees, waar die kompleksiteite van ons wêreld en ons menswees in ag geneem moet word sonder dat dit 'n verskoning is om te verander. So 'n houding weet dat ons nie kan ontvlug van ons ideologieë nie, maar dat 'n openheid tot utopie - en nie maar net die utopiese elemente in ons eie ideologieë nie - ons kan bevry tot 'n nuwe siening van ons werklikheid. Dit genees ons ten minste van ons ideologiese blindheid, al kan dit ons nie altyd ook bevry van ons onvermoë om onsself te verander nie (vgl Ricoeur 1986:313). Insig in die eie bepaaldheid breek ten minste die sirkel spiralies oop. Sulke insig in die eie bepaaldheid is nie bloot relatiwisties nie - hoogstens 'n relatiewe relatiwiteit. As ons weet dat daar geen ewige stelsels is nie, dat mag oral in sy verslawende en misleidende vorm kan opduik, dat alternatiewe bevrydend inwerk en dat nuwe simbole nuwe belewenisse genereer, dan is ons ten minste op pad. Dit is 'n nomadebestaan in die stad, 'n paradoks, 'n deurkruising (X) van ons beperkthede en 'n terugval daarop, 'n grype na die toekoms met die paradigmas uit die verlede, dit is die diaforiese dubbelvisie van droom en werklikheid, van dieselfde en die andere.

# BIBLIOGRAFIE

Barthes, R 1982. Inaugural lecture, in Sontag, S, *Barthes, selected writings*. Oxford: University Press.

Bernstein, R J 1976. *The restructuring of social and political theory*. London: Methuen.

De Wet, J 1984. *News and ideological control: the Mugabe election*. M A dissertation. Pretoria: Unisa.

Eco, Umberto 1977. Semiotik der Ideologien, in Kristeva et al, *Textsemiotik als Ideologiekritik*. Frankfurt am Main: Suhrkamp .

Foucault, M 1982. The subject and power. *Critical Inquiry* vol 8, 77-96.

Frow, J 1985. Discourse and power. *Economy and Society* vol 14, 193-214.

Gross, F 1985. *Ideologies, goals and values*. London: Greenwood Press.

Habermas J 1972. *Knowledge and human interests*. London: Heinemann.

1981. Modernity versus post-modernity. *New German Critique* 22, 3-14.

Hachten, W A & Giffard, C A 1984. *The press and apartheid. Repression and propaganda in South Africa*. Michigan: Macmillan.

Klopper, D 1987. Ideological inscription in the poetry of English-speaking white South Africans: from Butler to Pringle. *SAVAL-kongresreferate*. Potchefstroom: P U vir C H O.

Kummer, E. 1985. *Literatuur en ideologie*. Proust & Ter Braak: Huis aan de drie grachten.

Leatt, J (ed) 1986. *Contending ideologies in South Africa*. Grand Rapids: Eerdmans.

Lively, J 1975. *Democracy*. Oxford: Basil Blackwell.

Lipton, M 1986. *Capitalism and apartheid, South Africa 1910-1986*. England.

Macdonell, D 1986. *Theories of discourse*. New York: Basil Blackwell.

Mannheim, K 1979. *Ideology and utopia*. London: Routledge & Kegan Paul.

Nichols, B 1981. *Ideology and the image*. Bloomington: Indiana University Press.

Orwell, G 1949. *Nineteen Eighty Four*. Harmondsworth: Penguin.

*Animal Farm*. Great Britain: Longman.

Kummer, E 1985. *Literatuur en ideologie*. Huis aan de drie grachten: Proust & Ter Braak.

Prinsloo, J 1981. Propaganda: 'n sosiaal-psigologiese analise. D Phil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Rasmussen, D M 1971. *Mythic language and philosophical anthropology. A constructive interpretation of the thought of Paul Ricoeur*. The Hague: Martinus Nijhoff.

Ricoeur, P 1975. Ideology, utopia and faith. *The Centre for hermeneutical studies* vol 17.

1986. *Lectures on ideology and utopia.* New York: Columbia University Press.

Schreiter, R J 1985. *Constructing local theologies.* London. (Sien veral die deel 'The semiotic study of culture', 49-74.)

Snyman, J 1984. Van uitgestelde na afgestelde toekoms. Die toekomsloosheid van ideologieë, in *Ideologiese stryd in Suider-Afrika*! Potchefstroom: P U vir C H O.

Stüttgen, A 1972. *Kriterien einer Ideologiekritiek. Ihre Anwendung auf Christentum und Marxismus.* Mainz: Matthias-Grünewald.

Smit, K 1987. Swart ideologie, wit ideologie en skriftuurlike teologie. *Fax Theologia* jg 7: no 2.

Sunter, Clem 1987. *Scenario's for Southern Africa in the 1990's.* Cape Town: Human & Rousseau.

Trappl, R 1986. *Power, autonomy, utopia. New approaches toward complex systems.* New York: Plenum Press.

Tourraine, A 1972. *The post-industrial society. Tomorrow's social classes. Conflicts and culture in the programmed society.* New York: Random House.

Van Alpen E 1986. Ideologiekritiek in semiotisch perspectief, in Van Zoest, A, *De macht van de tekens. Opstellen over maatschappij, teks en literatuur.* Utrecht: HES.

Van der Harst, J 1986. Ideologie, in Van Zoest, A, *De macht van de tekens. Opstellen over maatschappij, teks en literatuur.* Utrecht: HES.

Zima, P V 1980. *Textsoziologie.* Stuttgart: Metlersche Verlagsbuchhandlung.